**Hoërskool Transvalia**

60
1958 - 2018

Tel: (016) 932-1155/6
Finansies: (016) 932-1176
Faks: (016) 932-5252
E-Pos: valia@hstransvalia.co.za
Webblad: www.hstransvalia.co.za

Posbus 12012
LUMIER
1905
H/v Schumann & Bach str.
Vanderbijlpark S.W. 5

Verwysing: ........................................

2019.05.03

**OUER-OMSENDBRIEF NO 4 VAN 2019**

Geagte Ouer / Voog

**PUNTEVERSLAG : EERSTE KWARTAAL**
Leerders het reeds hul punteverslae in hul voogklasse ontvang. Baie geluk aan leerders wat weereens baie goed presteer het. Daar is nou nog 'n geleentheid vir leerders wat swak presteer het om dadelik skouer aan die wiel te sit met die oog op die komende eksamen.

**EKSAMENREëLINGS**
**Die eksamen begin op Maandag 20 Mei 2019.** Klasse gaan normaal voort tot op Vrydag 17 Mei. **Vir u gerief word 'n eksamenrooster aangeheg.** Leerders moet elke oggend voor die sessie in aanvang neem, op die kennisgewingborde gaan kyk in watter lokale hulle eksamen skryf. Die klok lui soggens die gewone tyd (07:30). Leerders beweeg dan onmiddellik na hul eksamenlokale. Dit is elke leerder se eie verantwoordelikheid om betyds seker te maak WAAR hy/sy skryf en WATTER SESSIE. **Leeders moet baie seker maak van die sessie waarin die vraestelle geskryf word!**
Die eerste sessie strek vanaf 08:00 – 11:00. Die skryftyd wissel tussen 1 en 3 uur. Leerders skryf telkens aan die begin van die sessie.
Die tweede sessie strek vanaf 11:30 – 13:00 (Indien daar 'n 3-uur vraestel is, strek die sessie tot 14:30). Leerders moet 'n ½ uur (30 minute) voor 'n sessie begin, by hulle eksamenlokale aanmeld. Geen vraestelle kan op 'n ander tyd geskryf word as die geskeduleerde tyd nie.
Korrekte skooldrag tydens eksamen: Leerders wie se voorkoms nie korrek is nie, gaan huis toe gestuur word en verbeur dan hulle eie skryftyd. Let asb op hare wat te lank is, asook grimering en seuns wat geskeer moet wees.
Selfone: Tydens 'n eksamensessie, mag 'n leerder nie in besit wees van 'n selfoon nie (Al is dit afgeskakel). Indien 'n selfoon tydens die skryfsessie aan 'n leerder gevind word, sal sodanige leerders "O" vir die betrokke vraestel kry. Geen pennesakkies word op tafels toegelaat nie (tensy deurskynend). Leerders moet daarop let dat GEEN skryfbehoeftes by mekaar geleen mag word tydens 'n skryfsessie nie.

Leerders moet elk hul eie sakrekenaar en teken-apparaat beskikbaar hê wanneer nodig. 'n Selfoon MAG NIE as 'n sakrekenaar gebruik word nie. Selfone word aan die begin van elke skryfsessie ingeneem.

**AFWESIGHEID GEDURENDE EKSAMEN**
Indien leerders tydens die eksamen afwesig is op 'n dag wat hulle nie skryf nie, MOET hierdie afwesigheid met 'n brief deur die ouer gestaaf word. Hierdie brief kan by die voogonderwyser ingehandig word voordat die eksamen begin.
Indien 'n leerder afwesig is vir 'n vraestel **word "O" gegee, tensy 'n doktersbrief ingehandig word**.
Indien u kind 'n bepaalde vraestel nie kan kom skryf nie, moet u asb die skool **tussen 07:30 en 08:00 in die oggend skakel.** Alle doktersbriewe word by Me R Botha in die kantoor ingehandig. **Alle vraestelle tel en u moet asb nie vra dat vraestelle op ander tye geskryf word nie.**
**Let wel:** Busse ry op die normale tye (oggend en middag).

**-2-**

**GEBRUIK VAN SELFONE IN KLASTYD**
U kan die skoolreëls in die huiswerkboekie opvolg rakende die gebruik van selfone gedurende klastyd. Ons herinner u daaraan dat 'n selfoon wat afgevat is, alleenlik deur 'n ouer self afgehaal kan word met die betaling van R 50.00

**PRESTIGE LANDLOOPSPAN VIR 2019**
Baie geluk aan die volgende atlete wat uitgekies is op grond van motiverende en positiewe houding, vorige prestasies en getroue deelname :
Kanya Lourens, Jenna de Bruin, Renier de Villiers, Danie Coetzer, Peet Coetzer, Tarene Labuschagne, Danike Perelaer en Shane Dimond.
Baie dankie aan ITEC vir die borg van hulle unieke en nuwe landloopdrag.

**ATLETIEK PRESTASIES**
Baie geluk aan al ons atlete wat aan die landwye ASA- en SA-atletiekbyeenkomste deelgeneem het en soos volg presteer het :

**SA-skole atletiek**
0/15 Hanno Nel Brons (Hammergooi)
0/19 Caitlin Church 5de (Diskus)
0/19 Sheré J v Rensburg (100 m)
0/19 Sheré J v Rensburg Brons (200 m) en Silwer (400 m)
0/17 Willem Coertzen 7de (Gewigstoot)
0/17 Claudine Botha 10de (Hammergooi)

**ASA-ATLETIEK**
0/20 Sheré J v Rensburg 6de in semi-finaal (100 m) en 4de in haar lopie (200 m)
0/18 Lala Mlangeni 7de in haar lopie (200 m)
0/20 Caitlin Church 10de (Diskus) en 8ste (Gewigstoot)
0/18 Claudine Botha 8ste (Hammergooi)
0/18 Willem Coertzen 5de (Gewigstoot) en 9de (Gewigstoot)

**Uitslag NWU Super Skole reeks**
Daar is vanjaar nie volledige punte uitslag nie, aangesien die wedstryde vriendskaplik was. Die volgende uitslag is wel bekend by die kleinsporte :
Gholf : A-span eindig eerste en B-span 5de
Tennis : Algeheel 6de
Muurbal : Algeheel 4de
Skaak : Algeheel 6de

**JAGNAWEEK**
Jy kan 'n gratis jagnaweek vir twee persone ter waarde van R 20 000.00 wen. Dit sluit die jag van 'n kudu / wildebees en twee rooibokke, verblyf en etes in. Drinkgoed is vir jou eie rekening. Die volgende inligting is van belang :
Plek : Alldays Polokwane
Koste : R50.00 per kaartjie
Kompetisie sluit : 7 Junie 2019
Die trekking sal op die 7 de Junie 2019 tydens 'n skoolfunksie plaasvind. Die wenner sal ook telefonies in kennis gestel word, indien hy / sy nie by die funksie teenwoordig is nie.
Kaartjies is nou beskikbaar in die voogklasse. Elke leerder moet asb ten minste een kaartjie verkoop. Ekstra kaartjies is ook beskikbaar. Die teenblaadjie word ingevul en bly in besit van die skool. Die kaartjie word afgeskeur en aan die koper oorhandig. Leerders is verantwoordelik vir die inbetaling van die gelde of terugbesorg van kaartjies.(Kaartjies mag dus nie wegraak nie.) Leerders wat vyf kaartjies van die boekie verkoop kan die sesde kaartjie gratis kry.

**UITSTAANDE SKOOLGELDE**

Ons doen 'n vriendelike beroep op ouers om asb skoolgelde tot op datum af te handel. Indien u 'n probleem ondervind, moet u dit asb met Me Anna van Zyl in die kantoor reël.

**OPEDAG**

Ons opedag vir die voornemende gr 8's vind op 9 Mei plaas.

**WINTERSDRAG**

Wintersdrag word gedra vanaf 2 Mei. Die skoolbaadjie is dan verpligtend. Kyk asb na die volledige uiteensetting van die skool se wintersdrag in die huiswerkboekie.

**EKSAMENROOSTER**

Die finale eksamenrooster vir die halfjaareksamen is hierby aangeheg.

**TOERISME UITSTAPPIES**

Uitstappies wat die jaar vir alle leerders met Toerisme as vak gereël word sluit in :

* 12 Mei : Gautrein @ R 110.00
* 27 Julie : Maropeng – Cradle of humankind @ R 130.00
* 14 Sept. : Happy Iland waterpark te Johannesburg @ R 250.00
* 17 Nov. : Oopdakbesigtigingsbus @ R 200.00

Buskoste sal eers nader aan betrokke datums bepaal kan word as ons getalle het van hoeveel kinders belangstel.

**VERSKUIWING VAN TOETSDATUMS**

Al die geskeduleerde toetse van **10 Mei** verskuif na **9 Mei**.

**AFRIKAANS VRAESTEL 3 TWEEDE GELEENTHEID**

Leerders wat vraestel 3 vir die Junie-eksamen misgeloop het, skryf Maandag 13 Mei direk na skool met die toon van 'n doktersbrief. Die Engels is reeds afgehandel.

**KUNSFEESTE**

Leerders moet asb kennis neem van die sluitingsdatums vir inskrywings en by watter personeel dit gedoen moet word.

| | |
|---|---|
| Vaaldriehoekse Kunstefees | : Sluit 6 Mei. Instrumentaal en Vokaal by Me H Kloppers K 35/36<br>Drama – Me A Venter K 28<br>Skryfstukke en kunswerke – Me A Le Roux K 4 |
| Vaaloewer Kunstefees | : Sluit 20 Mei – Alle afdelings Me Fourie K 33 |
| Vereenigingse Kunstefees | : Sluit 20 Mei – Alle afdelings by Me M van Schalkwyk K 48 |

**HOËRSKOOL TRANSVALIA GHOLFDAG 26 JULIE 2019 geborg deur Nashua Vaal**

Graag wil ons u, die ouer, entoesiastiese gholfspeler en besigheidsentiteit nooi om weer deel te wees van hierdie unieke Gholfdag.

<u>ALGEMENE INLIGTING:</u>

| | |
|---|---|
| **DATUM** | 26 Julie 2019 |
| **PLEK** | Maccauvlei Gholfbaan (Vereeniging) |
| **AFSLAANTYE** | "Shotgun" (Tye sal later bekend gemaak word) |
| **FORMAAT** | "4-ball Alliance Scramble drive" |
| **REGISTRASIEFOOI** | R2 400 per 4-bal |
| **BORG VAN PUTJIE** | R1 500 (Daar is 4 natgate beskikbaar)<br>R3 000 Borg van putjie en Sluit 'n 4-bal in |

Pryse, kontant of enige ander donasies is baie welkom of indien u as ouer van iemand weet skakel ons gerus.

Besprekings:

- Skool (016 932 1155)
- Walter Berrington (082 578 0221)
- Poena van Dyk (082 921 1697)
- Tiaan Valentine (083 554 3966)

Besprekings en betalings moet asb. voor of op 10 Julie 2019 plaasvind.
Gelde kan inbetaal word in Hoërskool Transvalia se bankrekening.

ABSA Tjekrekening.
Takkode: 632 005
Rek. Nr. 530 390 594
Verw. Gholfdag, naam en van, firma naam (indien van toepassing)
Faks asseblief die vorm tesame met die bewys van betaling na 016 932 5252 of e-pos na fin@hstransvalia.co.za.

Gholf oefentye : Woensdae by Heron Banks 14:30 tot 17:00

**KRIEKET**
Oefentye : Dinsdae en Donderdae 14:30 tot 16:00

Baie dankie aan elke leerder en hul ouers vir betrokkenheid by Transvalia. Baie sterkte vir alle aktiwiteite asook die eksamen.

....................................
JR VENSKE
HOOF